kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Jesus op die donkie. Hoe maak ons 'n punt?

Skriflesing: Markus 11:1-11

Broodjies vir die pad

"The best people possess a feeling for beauty, the courage to take risks, the discipline to tell the truth, the capacity for sacrifice. Ironically, their virtues make them vulnerable; they are often wounded, sometimes destroyed."
— Ernest Hemingway

"The truly powerful ideas are precisely the ones that never have to justify themselves."
— Dallas Willard, The Divine Conspiracy: Rediscovering Our Hidden Life in God

"The important thing is not to stop questioning. Curiosity has its own reason for existence. One cannot help but be in awe when he contemplates the mysteries of eternity, of life, of the marvelous structure of reality. It is enough if one tries merely to comprehend a little of this mystery each day.
—"Old Man's Advice to Youth: 'Never Lose a Holy Curiosity.'" LIFE Magazine (2 May 1955) p. 64"
— Albert Einstein

"By choosing integrity, I become more whole, but wholeness does not mean perfection. It means becoming more real by acknowledging the whole of who I am."
— Parker J. Palmer, The Courage to Teach: Exploring the Inner Landscape of a Teacher's Life

"Muddy water, let stand, becomes clear."
— Lao Tzu

"To do the useful thing, to say the courageous thing, to contemplate the beautiful thing: that is enough for one man's life."
— T.S. Eliot, The Use of Poetry and the Use of Criticism

"If in this supreme test, in face of which the braggart falls silent and every heroic gesture is paralyzed, **a man walks straight up to the cause of his fear and is not deterred from doing that which is good -- which ultimately means for the sake of God,** and therefore not from ambition or from fear of being taken for a coward -- this man, and he alone, is truly brave."
— Josef Pieper, The Four Cardinal Virtues

"The vacancy left by absence of worship is filled by mere killing of time and by boredom, which is directly related to inability to enjoy leisure; for one can only be bored if the spiritual power to be leisurely has been lost.
— Josef Pieper, Leisure: The Basis of Culture

"... the greatest menace to our capacity for contemplation is the incessant fabrication of tawdry empty stimuli which kill the receptivity of the soul."
— Josef Pieper, Happiness and Contemplation

"The inmost significance of the exaggerated value which is set upon hard work appears to be this: man seems to mistrust everything that is effortless; he can only enjoy, with a good conscience, what he has acquired with toil and trouble; he refused to have anything as a gift."
— Josef Pieper, Leisure: The Basis of Culture

"No one can obtain felicity by pursuit. This explains why one of the elements of being happy is the feeling that a debt of gratitude is owed, a debt impossible to pay. Now, we do not owe gratitude to ourselves. To be conscious of gratitude is to acknowledge a gift."
— Josef Pieper, Happiness and Contemplation

One of the most important philosophy titles published in the twentieth century, Josef Pieper's *Leisure: the Basis of Culture* is more significant, even more crucial, today than it was when it first appeared fifty years ago. Pieper shows that the Greeks understood and valued leisure, as did the medieval Europeans. He points out that religion can be born only in leisure - a leisure that allows time for the contemplation of the nature of God. Leisure has been, and always will be, the first foundation of any culture.

He maintains that our bourgeois world of total labor has vanquished leisure, and issues a startling warning: **Unless we regain the art of silence and insight, the ability for nonactivity, unless we substitute true leisure for our hectic amusements, we will destroy our culture** - and ourselves.

These astonishing essays contradict all our pragmatic and puritanical conceptions about labor and leisure; Josef Pieper demolishes the twentieth-century cult of "work" as he predicts its destructive consequences.

https://www.goodreads.com/book/show/767958.Leisure

Josef Pieper was professor of philosophical anthropology at the University of Münster/Germany; he was a member of several academies and received numerous awards and distinctions, among them the International Balzan Prize for outstanding achievements in the field of humanities.

Pieper is among the most widely read philosophers of the 20th century. The main focus of his thought is the overcoming of cultural forms of secular totalitarianism and of its philosophical foundations through a rehabilitation of the Christian concept of man that is related to experience and action. Plato and Thomas Aquinas in particular were the inspiring sources of a constructive criticism of contemporary culture.

https://www.goodreads.com/author/show/885.Josef_Pieper

"A rock pile ceases to be a rock pile the moment a single man contemplates it, bearing within him the image of a cathedral."
— Antoine de Saint-Exupery, The Little Prince

'n Aangrypende boek oor kinders wat sonder 'n pa grootword

Elna van der Merwe

Seuns sonder pa's
Deur Julian Jansen

"As ek aan ons huis in Twaalfde- en Noltestraat dink, kom woorde op soos 'ysere dissipline' en 'lyfstraf', wat ingevolge vandag se kinderbeskermingswette maklik op blote aanranding en mishandeling sou neerkom. Na buite was ons 'n liefdevolle gesin.

"Daar is dikwels met bewondering na die 'lang man' en 'juffrou se ses kinders' verwys. My pa was 'n diaken en ouderling in die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk en Sondae het ons ouers met ons ses orrelpypies in die kerk gesit."

So skryf die *Rapport*-joernalis Julian Jansen in sy aangrypende boek *Seuns sonder pa's*.

Toe verdwyn Donald Jansen op 'n dag eenvoudig uit sy vrou en kinders se lewe. Byna soos Ivor Swartz in sy boek, *Die verlore seun vannie Gaatjie*, skryf: "Die Gaatjie ('n buurt by Grabouw) met die baie rondloperhonde en min teenwoordige pa's.

Die meeste se pa's het 'gaan brood koop'. Woorde wat jy gereeld sal hoor as 'n grap op straat. Dis my mense se manier om te sê sekere pa's maak net kinders en vat die pad."

Ek vra vir Julian of dit regtig kan wees dat meer as 60% van Suid-Afrika se kinders sonder 'n pa grootword.

"Jip, so sê die syfers van Statistieke Suid-Afrika se 2016-'17-peiling. Een van die redes is dat pappa nog vanmiddag vir die onder-19-rugbyspan speel.

"Baie pa's is so jonk as 15, en daarom speel tienerswangerskappe 'n beduidende rol in die hoë syfer."

'n Ander faktor is die ver-skynsel van trekarbeid. "Histories het baie pa's uit die Oos-Kaap op die Hoëveld se goudmyne gaan werk en was hulle vir maande, selfs jare nooit tuis nie. Baie kinders het nie 'n pa geken nie, of net gesien as hy soms kom kuier het," sê hy.

Julian se pa was wel tuis. Aanvanklik.

"My pa was 'n majoor in die weermag. Niks was aantrekliker vir my en het my trotser ge-maak as ek die geel sterretjies en later die kasteel op die skouers van sy bruin uniform gesien het nie.

"Hy was lenig, groot en sterk, het Afrikaans met die adelheid van 'n Engelse hertog gepraat. Hy was my held, my rolmodel. Ek het letterlik en figuurlik na hom opgekyk.

"Hy was vir ons vier broers en twee susters emosioneel afwesig. Ons, wel die drie ouer sibbes, het onder sy hande deurgeloop. Daar was huishoudelike geweld, aanranding van ons ma, -dronk- episodes, buite-egtelike verhoudings, irrasionele gedrag wat 'n baie negatiewe impak op die ontwikkelende psige van ons ses sibbes gehad het," vertel hy.

"Oor die impak op my ma, wil ek nie eens praat nie – behalwe om te sê dat dit 'n mens baie emosioneel laat.

"Ja, my pa was ook vir ons lief en het ons geleerdheid gegee. Daar was tye van geluk, maar dit was gekompartementaliseer in dae of beperk tot kwalik 'n week," sê hy.

"Toe hy die laaste twee kinders op universiteit of kollege sou of moes sit, het hy van sy gesin weggeloop.

"Sy einde was tragies en absoluut hartver-skeurend: van trotse regop soldaat tot 'n hawe-lose tot 'n parapleeg nadat skollies hom uit 'n gebou in 'n Kaapse voorstad gegooi het.

"By sy hospitaalbed het ek – ek was al 38 – my pa, vir wie ek 'n heilige vrees gehad het, oor sy grys kop en maer gesig gevryf. Dit was die tweede keer dat ek uit my eie aan hom geraak het."

Julian voel baie sterk oor mentors wat 'n positiewe rol in veral seuns se lewe kan speel.

"Mentors het ons vier seuns se lewe gered en juis, ironies genoeg, deur my pa se aanvanklike inisiatief. Ons het aan sportklubs behoort: ek liggaamsbou, my broers is padvinders toe, het karate gedoen.

"Die Sondagskool en Kinderbond het 'n enorme rol gespeel. Ons het hier veerkragtig geword, glo ek. Daar was positiewe manlike rolmodelle van ooms en ouer vriende, die buurman en sy vrou. Moenie fout maak nie, ook die Suider-Strand-biblioteek het, soos die skool, 'n positiewe rol gespeel."

Maar 'n pa kan blywend seermaak, sê hy.

"Die toksiese verhouding wat my pa met ons ses kinders en sy vrou gehad het, het feitlik onuitwisbare sielkundige letsels op ons gelaat, en vandag sal ek onbevange sê dat ons nie van alles herstel het nie.

"Dít is die somtotaal wat 'n pa se toksiese verhouding op sy kinders, meisies of seuns, kan hê. Dis 'n lewenslange erfporsie wat verwerk moet word. Ás mense dit wil of kan verwerk.

"So, dink nou indien nog sulke toksiese verhoudings met rolmodelle jou lewenspad kruis.

"Vermenigvuldig dié scenario met die getalle in 'n gemeenskap en jy kry dalk nie 'n baie goeie prentjie van hoe verwond 'n samelewing regtig kan wees nie."

https://www.netwerk24.com/huisgenoot/Vir-die-lekker/Boeke/n-aangrypende-boek-oor-kinders-wat-sonder-n-pa-grootword-20210319

Brood vir die pad

Stroop emoji's mense van hul ware emosies?

Wilhelm Jordaan

Ek gebruik hulle rojaal en dis lekker om dit te doen, maar soms wonder ek oor die skade daarvan. Ek praat nou van emotikons en emoji's wat ons help om "opgesomde" gedagtes en gevoelens te kommunikeer eerder as om woorde in volsinne te gebruik.

Jare gelede het die Oxford-woordeboek, een van die betroubare bewaarders en ontsluiters van woordbetekenisse, emotikons en emoji's se plek in kommunikasie bevestig toe die "woord van die jaar" 'n emoji was – die piktografiese gesiggie genaamd "Face with Tears of Joy".

Daarmee is 'n Rubicon tussen 'n ou en 'n nuwe- wêreld oorgesteek; 'n wêreld waarin gedagtes en emosies "afgekort" word. Skoliere en studente se taalgebruik in werkstukke en eksamens bevat reeds 'n soort sosialemediastyl – taalstotterings in die vorm van halfsinnetjies sonder 'n werkwoord, SMS-erige lettergrepies, eiegemaakte afkortings, emotikons en smileys wat familiêr vir die leser knipoog!

Bloot mode-dinge; foefies wat verbygaan? Miskien iets ingrypender: Die evolusie van 'n nuwe mens wie se waardes en denke saamgeflans word deur stukkies en brokkies flitsende, twitterende sosialemediadata.

Maak sulke kommunikasie-maneuvers ons nie op die lang duur ongevoelig vir die ryk nuanses van 'n geesteswêreld nie? Is afkorting nie maar net die voorloper van afstomping nie?

Vir my is die ontdekking en uitbreiding van 'n egte gevoelslewe gesetel in die vermoë om in die gemoed beweeg te word. Soos die Latynse woord vir emosie aandui – emovere, wat beteken "om in beweging te kom". Emotikons en emoji's is die teendeel daarvan; om dié "beweging" in afkorting te stol.

In Nicole Krauss se roman The History- of Love reken die bejaarde Leo Gursky gemoedsbeweging is die oudste emosie in die mens se geskiedenis en die geboorte van nuwe gevoelens is onstuitbaar: "Selfs nou is daar emosies wat nog nie bestaan nie. Dit is gevoelens wat nog buite ons bevattingsvermoë en verbeelding lê.

Wanneer musiek geskep word wat nog nie tevore neergeskryf is nie, of 'n skildery wat nog nie tevore geskilder is nie of enigiets anders wat nou onmoontlik is om te voorspel, te begryp of te beskryf, word 'n nuwe emosie die wêreld ingestuur. En dan vir die miljoenste keer in die geskiedenis van gevoelens ruk en ontroer dit die gemoed."

Ek wil glo sulke oomblikke van verrukking is veronderstel om die onvervangbare in die mens te wees. En wie die gevoelslewe wil vaslê deur die "snelskrif" van emotikons en emoji's, dor die gees uit en leef in die onvolkomenheid van piktografiese oordaad. Ek reken oormatige gebruik kan oplaas ontroering van die gemoedslewe aantas en tot emosionele armoede lei.

Miskien is dít die evolusionêre pad vorentoe; dat ons soos Data in Star Trek: The Next Generation word – 'n wese met die voorkoms van 'n mens; met vurige oë wat teen 'n verbysterende spoed inligting verwerk, maar wat één menslike vermoë kortkom en dit tog begeer: Om egte gevoelens te kan hê.

** Jordaan is 'n emeritus-professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/stroop-emojis-mense-van-hul-ware-emosies-20210323

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877